

Amerika en Babilon



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 13:1-12; asook hfst. 14:9-11, 16:2, 19:20 en 20:4; Jeremia 51:6, 7, 53, 57; Op. 18:1-4.

Geheueteks:

“In daardie tyd sal Migael, die groot engel wat oor die lede van jou volk waghou, op die toneel verskyn. Dit sal ’n swaar tyd wees, so swaar soos dit nog nooit was vandat daar nasies is nie. In daardie tyd sal almal uit jou volk wat in die boek opgeskryf is, gered word” (*Daniël 12:1, NAB*).

Verlede week het ons die “nagemaakte drie-enigheid” bekyk – Satan (die draak) en die twee aardse moondhede wat tesame die vervolging van God se kinders sal bewerkstellig. Een van hierdie moondhede, die dier wat uit die see opkom (Op. 13:1-10), word as ’n saamgestelde dier beskryf. Dit is deels luiperd, beer en leeu (*hfst. 13:2*) – dierebeelde wat direk uit Daniël 7:4-6 geneem is. In week ses het ons in Daniël 7 gesien hoe vanmelewe se wêreldryke – Babilon (die leeu), gevolg deur Medo-Persië (die beer), en daarna Griekeland (die luiperd) – in ’n laaste aardse moondheid, te wete Rome, geëindig het. Aanvanklik was dit suiwer heidens, waarna dit later in pouslike Rome oorgegaan het. Laasgenoemde is die klein-horinkie-mag van Daniël 7:7 en 8 (*asook verse 19 tot 21, en 23 tot 25*), en het direk uit die vierde dier verrys. Voorts het ons gesien hoedat baie van pouslike Rome se karaktereienskappe, soos dit in hierdie verse in Daniël 7 uiteengesit word, weer in Openbaring 13:1-10 se dier wat uit die see opkom, te voorskyn kom. Dit is dan ook die rede hoekom bybelkenners geneig is om Rome as een van die groot antagoniste in die eindtydtonale van Openbaring 13 te beskou. Rome is egter nie die enigste moondheid nie. ’n Ander word ook hier uitgebeeld. Vandeesweek fokus ons merendeels op Openbaring 13, en die gebeure en moondhede wat daarin uitgebeeld word – en ook oudergewoonte die vraag: Wat beteken daardie beelde en boodskappe vir die eindtydgelowige, en hoe kan ons daarvoor gereed wees?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Junie.*

'n Dodelike wond word genees

Lees Openbaring 13:1-10 en bekyk die redes hoekom hierdie gedeelte na die pousdom verwys – dié van die hede én die toekoms. Let veral op die prominente rol wat die pousdom hier speel. Wat sê dit vir ons in terme van eindtydgebeure?

Hoewel God getroue kinders in alle kerkgenootskappe het, wys die Bybel daarop dat hierdie kerk 'n spesifieke rol te speel het – beide in die verlede en in eindtydgebeure.

Lees Openbaring 13:3. Wat gebeur hier, en wat leer ons daaruit oor die prominensie van Rome?

Die Rooms-Katolieke Kerk was eeue lank die hoofgodsdien, en tot 'n groot mate ook, die politieke sentrum van die Weste. 'n Sprekende voorbeeld van sy mag blyk uit die volgende verhaal van die Romeinse keiser, Hendrik IV, wat na die kasteelwoning van pous Gregorius VII reis in 'n poging om vrede te maak, nadat hy die pous lelik ontstig het. Daar laat die pouslike huishouding die Romeinse keiser toe drie dae lank in die voorhof wag – buite in die winterkoue, voordat Gregorius hom oudiensie verleen. Die pous was vreeslik in sy noppies oor dié “oorwinning” wat hy oor die keiser behaal het. Dit is dan hoekom hy begin spog het: Dit is my plig om die hoofvaardige konings op hul plek te sit. Die Hervorming, die Verligting en die Franse Revolusie het egter teen die einde van die 18de eeu 'n einde aan Rome se politieke en godsdienstige oppergesag gebring. Een van die pouse, Pius VI, is selfs in 1798 deur die Franse leër gevange geneem, waarna hy in 1799 in ballingskap gesterf het. Nietemin praat Openbaring 13 van 'n herlewing in die pousdom, 'n geneesing van die “dodelike wond” wat dié instelling toegedien is. Hoewel Rome nie meer oor die soort politieke mag beskik wat hy in die tyd van Gregorius VII gehad het nie, bly dit 'n invloedryke instelling danksy die geweldheid van die meer onlangse pouse. Boonop is daardie invloed godsdienstig én polities (neem byvoorbeeld die geskiedkundige oomblik in 2015, toe pous Franciskus beide huise van die Amerikaanse Kongres toegesprek het, die eerste van sy soort). Volgens profesie sal daardie invloed net aanhou toeneem.

Hoe kan ons dié deel van die eindtydboodskap verkondig – 'n boodskap waartoe ons geroepe is – maar op so 'n wyse dat dit so min as moontlik aanstoot gee? Terselfdertyd moet ons nie die knie voor “politieke korrektheid” buig terwyl ons die teenswoordige waarheid deurgee nie. Hoe so?

Die VSA in Bybelprofesie

Dit is te verstane dat party mense vra: Hoe kan Rome vandag, of selfs in die toekoms, weer die soort invloed hê wat in Openbaring 13 beskryf word? Die tyd toe Rome troepe teen sy vyande uitgestuur het, soos dit honderde jare gelede die geval was, blyk nou iets van die verlede te wees. Die antwoord op dié raaisel is egter ook in Openbaring 13 te vinde.

Lees *Openbaring 13:11, 12*. Waaraan kan ons hierdie nuwe moonheid uitken?

Die dier wat hierdie een voorafgaan, word reeds eeue lank deur Protestante as Rome beskou, en ontvang volgens profesie 42 maande lank heerskappy (*Op. 13:5*). Daardie 42 maande is dieselfde as Daniël 7:25 se “tyd en tye en die helfte van ’n tyd” (*OAB*), oftewel Openbaring 12:14 se ooreenstemmende uitdrukking wat op drie en ’n halwe jaar neerkom (*Op. 12:14*), asook die 1,260 profetiese dae in vers 6 van dieselfde hoofstuk. Dit dui op die tyd waarin die pousdom sy teëstanders met mag en mening sal onderdruk. Hierdie profetiese tydperk (wat op die dag-jaar-beginsel geskoei is) begin by die hoogtepunt van pouslike gesag, in 538 n.C., en kom tot ’n einde in 1798, die jaar toe die destydse pous gevange geneem is. Dit is in daardie tyd dat die pousdom as moonheid sy dodelike wond ontvang het, ter vervulling van bybelprofesie. Dit was min of meer op daardie tydstip in die geskiedenis, na-aan einde van die “twee-en-veertig maande” (m.a.w. in 1798), dat ’n ander moonheid op die toneel verskyn het (*Op. 13:11, Op. 13:1*). Dié keer is dit een wat uit die aarde opkom, in kontras met die vorige wêreldryke/moonhede wat almal uit die water verrys het (*lees Dan. 7:2, 3*).

Water en see versinnebeeld ’n groot groep mense in bybelprofesie. “Die waters wat jy gesien het waar die sedelose vrou bly, is volke en stamme, nasies en tale” (*Op. 17:15, NAB*). Om hierdie rede, en ook ander, het ons hier ’n duidelike verwysing na die Verenigde State van Amerika, wat in ’n relatief unbewoonde wêrelddeel ontstaan het, en dit sonder om enige groot wêreldmoonhede te moes versit. “Watter nasie van die Nuwe Wêreld het in 1798 op die toneel verskyn, een wat vir krag en grootsheid bestem was en die wêreld se aandag op hom gevestig het? Simboliek laat die leser met geen twyfel nie. Net een land – en hy alleen – voldoen aan profetiese kriteria, gee ons die onaanvegbare antwoord: Die Verenigde State van Amerika” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 440). Hoewel hierdie moonheid eers as ’n lam met twee horings beskryf word – ter uitbeelding van sy aanvanklike sagmoedigheid – maak dit later stem dik, praat dit “soos ’n draak” (*Op. 13:11, OAB*), wat op ’n tyd van vervolging, soortgelyk an dié van die voorafgaande moonheid, dui. Openbaring 13:11-17 beantwoord dus die vraag: Hoe gaan Rome dit regkry om die soort mag uit te oefen waarvan bybelprofesie praat? Die antwoord is eenvoudig? Met die mag van die VSA.

Die aanbiddingskwessie

Reg deur die geskiedenis van Sy verkose volk het die Here periodiek met diegene wat by afgodery en ander vals vorms van aanbidding betrokke geraak het, te kampe gehad het (*lees Matt. 4:8-10*). In die krisistyd van die eindtyd, soos dit in Openbaring 13 uitgebeeld word, gaan die aanbiddingskwessie opnuut na vore toe. In daardie tyd sal ons as kinders van die Here weer moet kies wie ons gaan dien (*lees Jos. 24:15*). In week 2 se les – Daniël en die Eindtyd – het ons gekyk na die verhaal van die drie Hebreëse jongmense wat aangesê is om te “buig voor die goue beeld” (*Dan. 3:5, NAB*). Intussen het ons gesien hoedat Openbaring 13 beelde en uitdrukkings uit daardie hoofstuk gebruik om die agtervolging van God se kinders in die eindtyd uit te beeld. Dit wil sê dat Daniël 3 ’n soort profetiese inleiding tot komende eindtydgebeure was en is, veral binne die konteks van die dier-moondhede in Openbaring 13. In Daniël word almal beveel om die goue beeld te aanbid, en daar is net twee keuses: Afgodsaanbidding of die vuuroord. In Openbaring 13 gebeur dit weer: “almaal... [word] dood[ge]maak wat nie die beeld aanbid nie” (*hfst. 13:15, NAB*).

Lees Openbaring 14:9-11, hfst. 16:2, 19:20 en 20:4. Wat sê hierdie verse vir ons oor die deurslaggewende rol wat die aanbiddingskwessie in die eindtyd gaan speel?

Vanaf die vroegste tye is Babel reeds die sentrum van vals aanbidding. Lucifer, en die bouers van die toring van Babel, het immers dieselfde strewe gehad. “Ek klim op tot bokant die wolke” (*Jes. 14:14, NAB*). Boonop het die toringbouers gemeen dat hulle sodoende enige toekomstige wêreldvloede sou kon vryspring. Daarmee het hulle natuurlik getoon dat hulle God se belofte, dat Hy nie weer die wêreld met ’n vloed sal vernietig nie, openlik verwerp (*Gen. 9:8-11*). Die neo-Babiloniërs was ewe ingenome met hul eie prestasies. Kyk net hoe besing Nebukadnesar sy eie grootsheid: “Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek daarvan ’n koningstad gemaak” (*Dan. 4:30, NAB*). Later het koning Belsasar die goue en silwer bekere uit die tempel van Salomo laat haal, om tydens ’n feesmaal daaruit te drink. Die Bybel sê: “Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, brons, yster, hout en klip geprys” (*Dan. 5:3, 4; NAB*). Let op die feit dat die gewyde tempelbekere hier met benewelende drank gevul is, wat die oordeelsvermoë van die drinkers aangetas het. Dit is dan hoekom Babel met die inneem van die stad in puin gelê is. Waarheid as blote uiterlike vertoon, is misleidend. Uit bekere van oënskynlike dissipelskap drink mense onwetend die dodelike “wyn van Babilon.” Onthou net: Vals aanbidding en vals idees is waarmee Satan te koop loop.

Hoe kan ’n mens seker maak dat jy nie by vals aanbidding betrokke raak nie?

“Die groot Babilon”

Lees die volgende teksverse. Wat sê dit vir ons oor Babilon? Jer. 51:6, 7, 53, 57; Sag. 2:7; Op. 17:5, 6; hfst. 18:2, 3.

Soos ons gister reeds gesien het, het Babilon ’n lang geskiedenis as dié sentrum van vals aanbidding. Derhalwe is dit ’n gepaste versinnebeelding van die eindtydmoondheid wat die nasies verlei.

Vergelyk die draak, die dier wat uit die see opkom, en die skarlakenrooi dier (Op. 12:3, 13:1-3, 17:3) met mekaar. Hoe stem hulle ooreen, en hoe verskil hulle van mekaar?

Al drie hierdie diere het sewe koppe en tien horings. Elkeen het dus die somtotaal van die aantal koppe en horings van die diere in Daniël 7. Elke nuwe ryk (of moondheid) bou op dié wat hom voorafgegaan het. Net so is die skarlakenrooi dier ’n kombinasie van bepaalde eienskappe van die draak en die dier wat uit die see opkom (wat onderskeidelik heidense en pouslike Rome simboliseer). Die skarlakenrooi dier weerspieël ook eienskappe van die dier wat uit die aarde opkom (Op. 13:11-14). So is dit dan drie in een – “al drie moondhede, al God se teëstanders tesame – ’n koalisie in die ware sin van die woord” (Jacques B. Doukhan, *Secrets of Revelation, The Apocalypse Through Hebrew Eyes*, Hagerstown, Maryland, VSA: Review and Herald® Publishing Association, 2002, bl. 162). ’n Bykomende element in Openbaring 17 is die vrou wat bo-op die skarlakenrooi dier ry, wat die onregmatige samesmelting van kerk en staat versinnebeeld. Sy staan in skrilte kontras teenoor die sedelike vrou van Openbaring 12:

Die Sedelike Vrou (Op. 12, OAB)

In die hemel
Geklee in die son
Dra ’n kroon van twaalf sterre
Word deur die draak aangeval
Die moeder van dié wat getrou bly

Die Onsedelike Vrou (Op. 17, OAB)

Sit op die waters
Geklee in purper en skarlaken
Die ene goud, kosbare stene en pêrels
Word deur die draak gedra
Die moeder van die sedeloses

As “moeder van die sedeloses” (of krasser gestel, “moeder van die hoere”) is Babilon – in ’n spreekwoordelike sin – druk besig om nakomelinge na haar beeld te baar. Die gevalle moeder het baie gevalle dogters. Nietemin weier God om pa te staan vir die dwalinge wat deur die gevalle Christendom verkondig word, vir die gruwels wat hulle in sy Naam gepleeg het. Hoewel God se getroue kinders eeu na eeu herhaaldelik deur Satan aangeval is, oorleef hulle steeds. Reeds in Openbaring 14:8 waarsku Jesus ons dat Babilon geval het, dat sy die waarheid versaa het – ’n val wat uiteindelik tot die laaste groot bedrog lei, met die merkteken van die dier as kulumneringspunt (Op. 14:9-11). Daardie waarskuwing sal weer deurgegee word, dié keer op ’n besonder kragtige wyse, in die vorm van die laaste groot oproep aan God se kinders wat nog steeds in Babilon is, om uit haar geleedere te kom en hulle by God se eindtyd-oorblyfselfkerk aan te sluit (Op. 18:1-4).

‘Kom uit haar uit, My volk’

Oor die jare heen het bybelstudente wêreldgebeure met groot belangstelling dopgehou, veral dié wat hulle meen met die eindtyd verband hou. Neem byvoorbeeld die rol van die VSA. In 1851, meer as 150 jaar gelede, het ’n handvol Adventiste reeds Amerika as die tweede dier-moondheid uitgewys (*Op. 13:11-15*) – nogal ’n merkwaardige prestasie inaggenome die beperkte aansien wat die Verenigde State destyds geniet het. In die middel van die jare 1800 was die politieke mag nog in die Ou Wêreld gesetel – in Pruise, Frankryk, Oostenryk-Hongarye en Engeland. Destyds het Amerika in vredestryd ’n weermag van om en by 20,000 man gehad, ongeveer ’n tiende van al die troepe wat aan die Slag van Waterloo (1815) – ’n enkele veldslag – deelgeneem het. Net mooi vier jare tevore, in 1814, het die Britte Amerika ingeval en Washington D.C. tot op die grond afgebrand. Boonop het Sitting Bull (’n Dakota-Indiaan van die Lakota-stam) in 1867, tesame met sy dapper vegters, die Sewende Kavallerieregiment onder bevel van generaal Custer behoorlik afgemaai. Met ander woorde, terwyl vanmelewe se bybelkommentators ontdek dat die VSA die moondheid is wat eendag die “merk van die dier” op die ganse wêreld sou afdwing, was daardie staat-in-wording nog in stryd met inheemse bevolkingsgroepe, en soms het hulle verloor ook! Nietemin verloop wêreldgebeure presies soos daardie bybelstudente bevind het. Tog is daar nog bepaalde gebeure wat moet plaasvind voordat die einde finaal aanbreek. Dit is dan die rede hoekom ’n mens, betreffende die merkteken van die dier – om nou ’n enkele voorbeeld te noem – dit duidelik moet stel: Niemand het dit op die oomblik nie, of hulle nou die vierde gebod onderhou of nie. Daardie gebeurtenis word in elk geval eers deur ander gebeure ingelui.

Lees Openbaring 18:1-4. Wat gebeur hier, en hoekom is dit so belangrik dat ons die rede daarvoor voor oë moet hou? Wat sê dit vir ons oor ons sending aan die wêreld?

Hier het ons ’n droewige prentjie van hoe die eindtydwêreld polities, eties en geestelik daar gaan uitsien. Dit toon watter boosaardige invloed vals leerstellings op die wêreld het. Terselfdertyd is dit besonder vertroostend, omdat dit bloot ’n “aanloop van hoop” tot ’n ander engel is – een wat die ganse hemelruim met sy heerlikheid verlig. ’n Verdere troos is die feit dat God se getroue kinders – dié wat nog nie die eindtydboodskap gehoor het nie – die oproep ontvang om Babilon te verlaat. Wat sê dit vir ons? Dat God se kinders wat reeds Babilon verlaat het, reg tot die bitter einde toe ’n roeping het, naamlik om diegene wat nog in Babilon is, te waarsku.

Die Here noem dié wat steeds in Babilon is “my volk” Wat beteken dit vir die gelowige? Hoekom behoort ’n mens dit altyd in gedagte te hou in jou omgang met ander?

Vir verdere studie:

Satan se aanval op die tiengeboorie is 'n aanval op God Self, beide op sy gesag en sy regering. In die laaste dae, in die klimaktiese gebeure van die laaste krisis, sal Satan dus diegene aanval “wat die geboorie van God nakom” (*Op. 12:17, 14:12, NAB*), omdat hulle die enigste mense sal wees wat weier om aan die duivel hulde te bring deur die knie voor sy verteenwoordigers op aarde te buig. Dieselfde oorlog wat hy in die voortyd teen God in die hemel begin voer het, sit hy op hierdie planeet voort, maar net soos hy in die hemel verslaan is, sal hy hier op aarde ook die onderspit delf. “Reg van die begin af het Satan ten doel gehad om God se wet omver te werp. Dit is dan die rede vir sy groot rebellie teen die Skepper – 'n rebellie wat hy, ten spyte van sy uitwerping uit die hemel, op aarde verder kom voer het. Die misleiding van die mens, sodat ons teen God en sy gebod sou sondig – dít is wat hy in sy visier gestel het, dít is die strewe waarby hy nou nog hou. Ongeag hoe hy dit gaan regkry – deur totale verwerping van God se wet of die ondermyning van 'n enkele voorskrif in daardie wet – in 'n ewige sin bly die gevolge dieselfde. As 'n mens 'in een opsig struikel' minag jy duidelik die hele wet. Dan weerspieël jou handel en Wandel 'n bepaalde keuse – dat jy die kant van oortreding gekies het – met die gevolg dat jy jou naderhand ‘ten opsigte van al die geboorie... skuldig maak’ [*Jak. 2:10, NAB, sinsorde effens aangepas*]” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 582).

Vrae vir bespreking:

- 1. Bespreek wêreldgebeure tydens klastyd, en hoe dit 'n vervulling is van die eindtydgebeure wat ons gelowig te wagte is. Watter gebeure lê nog in die toekoms? Siende dat ons in die eindtyd leef, is die vraag net: Hoe kan 'n mens waaksaam wees, sonder om daarvoor behep te raak, datums vir die wederkoms te begin vasstel, of allerhande ondeurdagte voorspellings te waag wat nóg in die Bybel nóg in Ellen G. White se geskrifte uitdruklik vermeld word?**
- 2. Bepeins die aanbiddingskwessie m.b.t. die eindtyd. Wat beteken dit om iets of iemand te aanbid? Hoe wys 'n mens dat jy iets of iemand aanbid?**
- 3. Bepeins die feit dat God steeds kinders in Babilon het. Hoe behoort 'n mens die begrip “Babilon” te verstaan (wat duidelik simbolies, en nie letterlik nie, bedoel word)? Wat sê dit vir ons oor ons verpligting om die Adventboodskap onverpoosd te verkondig, ongeag die politieke en godsdienstige sienings van diegene wat bearbei word?**